

VERANDER DIE EKONOMIE VAN JOU LEWE

5 Desember 2012, Ps Stephen Smith

2 Konings 3:1-20

Voor die manifestasie is daar baie keer 'n profetiese uitspraak wat gepaard gaan met aksie.

Maar bring nou vir my 'n sitiespeler. En toe die sitiespeler op die snare speel, het die hand van die HERE op hom gekom, en hy het gesê: So spreek die HERE: Maak hierdie dal vol gate.

Vers 15-16

Die vermoë om 'n profetiese woord as die *nou woord* te ontvang, is die vermoë om 'n profetiese woord te artikuleer as juis, al kan jy dit nog nie sien nie.

Iets begin gebeur in mense se lewens wanneer hulle beseft dat die bloed van Jesus hulle verlos het van elke las en elke juk en dat die goeie lewe – die oorvloedige lewe nou op hulle wag.

For we are God's [own] handiwork (His workmanship), recreated in Christ Jesus, [born anew] that we may do those good works which God predestined (planned beforehand) for us [taking paths which He prepared ahead of time], that we should walk in them [living the good life which He prearranged and made ready for us to live].

Ephesians 2:10 (Amplified)

Waarom leef so baie Christene nog nie hierdie goeie lewe nie?

- Eerstens, is dit omdat hulle dink hulle het nie die wettige reg om voorspoedig te wees nie.
- Tweedens, is dit omdat hulle tradisionele godsdienstige lewenservarings hoër ag as God se Woord en daarom 'n ander oortuiging het.

Die HELE SKRIF is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid.

Sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus

2 Timótheüs 3:16, 17

2 Timótheüs sê vir ons dat Skrifte aangaande voorspoed bestaan sodat ons volkome toegerus kan wees vir elke goeie werk. Vir ons om volwasse Christene te word, volkome in voorspoed, kan ons nie die beginsel van voorspoed ignoreer wat in God se Woord voorkom nie.

Dit is die standaard waarmee ons gemeet word.

Wat kan enige iemand hoop om in hierdie lewe te ontvang as niks verander wanneer hulle Jesus in hulle harte ontvang nie? Wat is die punt?

Mentaliteit van Voorspoed

Jy sal nooit voorspoed en welvaart kan sien as jy 'n mentaliteit van armoede het, of glo dat jou voorspoed van God af hang nie.

Welgeluksalig is die man wat die Here vrees, wat 'n groot welbehag in sy geboorte het. OORVLOED en RYKDOM is in sy huis.

Psalm 112:1, 3

'n Ryke se geld kan hom lekker laat leef. Wie dit nie het nie, se lewe is hel.

Spreuke 10:15 (Boodskap)

Rykdom help baie. As jy geld dringend nodig het, is dit beskikbaar. Armoede is sleg, want dit maak die arme weerloos. Hy

Spreuke 13:8 (Boodskap)

Wanneer die Here 'n gelowige voorspoedig maak, trek baie mense voordeel uit sy rykdom.

Spreuke 11:11 (Boodskap)

Laat ons die belydenis van die hoop onwankelbaar vashou, want Hy wat dit beloof het, is getrou.

Hebreërs 10:23

God is geen man dat Hy sou lieg nie; of 'n mensekind dat dit Hom sou berou nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, of spreek en dit nie waar maak nie? Kyk, ek het ontvang OM TE SEËN; en het Hy geseën, dan kan ek dit nie keer nie.

Numeri 23:19-20

Ons grootste vyand teenoor God se Woord is nie die duiwel nie, maar ons tradisie! Ek praat nie van die seremoniële aspek nie, maar van hoe ons God se Woord interpreteer en toepas.

Blydskap, oorfloed, guns en om vervuld te wees met jou bankbalans, is alles die effek of byprodukte van die seën, dit is nie die hoofbestanddeel. Die wesenlikheid of substansie daarvan is groter as die effek.

Lewensgeluk begin by liefde vir die Here. Sonder liefde is daar geen lewensvreugde nie.

Spreuke 1:7 (Boodskap)

En mag Hy jou gee DIE SEËN (die NATUUR van God se seën, vermoë, krag vir sukses, voorspoed en lang lewe) wat op Abraham was.

Genesis 28:1-4

Die lewe wat God vir jou en my bewerkstellig het.

God het 'n patroon vir ons opgestel om dit te bewys. Dit begin by Adam, Abraham, Isak, Jakob, Josef, Dawid en Jesus, en JY! Dit het by Adam begin, maar dank God dit het nie daar geëindig nie. Dit het in Isak voortgegaan – daar is 'n patroon.

En jy in jou hart dink: My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verwerwe.

Maar dink aan die HERE jou God, dat dit Hy is wat jou krag gee om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is.

Deuteronomium 8:17-18

Krag =

- Mag
- Mening
- Vermoë
- Produksie / resultaat
- Instaatstelling

Op 'n dag het die Here vir Abram gesê: Jy moet weggaan, weg van die plek waar jy gebore is, weg van jou pa se huis af... Ek sal jou en jou nageslag 'n groot nasie maak. Ek sal jou ryk en voorspoedig maak. Oral sal mense jou naam ken en van jou praat. Oor jou sal dit met hulle goed gaan.

Genesis 12:1, 2 (Boodskap)

Al hierdie voorvaders het 'n mentaliteit van voorspoed gehad. Hulle het hul geregtigheid (verbond) geken en geweet wie is die **Here Ek Is**. Dit het jare en eeue se godsdienste en tradisie gevat om ons uit ons erfenis te praat.

Die seën van God op ons trek mense na die Boodskap wat vir ons gegee is.

Want as ten gevolge van die misdaad van die een die dood geheers het deur die een, veel meer sal hulle wat die oorfloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Een, Jesus Christus.

Romeine 5:17

Jy sal baie voorspoedig wees in alles wat jy aanpak. Jy sal ryk word omdat die Here jou ryk maak. Hy sal baie dinge vir jou doen: Hy sal jou voorspoedig maak as jy in die stad bly of op die platteland boer. Die Here sal jou voorspoedig maak waar jy gaan. Dit sal HEELTYD net goed gaan met jou. Die Here jou God sal jou voorspoedig maak in die land (besigheid) wat Hy jou gee. Hy het mos belowe dat Hy dit sal doen.

Deuteronomium 28 (Boodskap)

Nie een van hierdie voorvaders het met die idee voor-en-dag gekom dat hulle ryk moet wees nie. Hulle het daarin geleef omdat hulle geweet het dit was God wat dit van die begin af onderneem het. Dit was Sy erfenis aan ons.

Ons mentaliteit moet verander!

Wanneer Christene nog steeds in slawerny vasgevang is, het hulle die tugmeester nodig. Dit is daar waar hulle hul mentaliteit van geregtigheid en erfenis verloor.

Ons is nie meer by die Kruis nie. Ons het saam met Christus gesterwe, maar ons het ook saam met Hom opgestaan. Ons sit ook saam met Hom in hemelse plekke.

My koninkryk is nie VAN hierdie wêreld nie.

Johannes 18:36

Jesus HET 'n KONINKRYK! Hy is DIE KONING VAN konings! Ek en jy is oorgebring, getransformeer vanuit die wêreldse koninkryk na Sy Koninkryk. Nou is ons nie meer diensknegte en slawe van die wêreldse koninkryk nie, maar mede erfgename van ons Koning.

Dan word die koningskap en die heerskappy en die grootheid van die koninkryke onder die ganse hemel gegee aan die volk van die heiliges van die Allerhoogste; hulle koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die heerskappye sal hulle vereer en gehoorsaam wees.

Daniël 7:27

Daar kom 'n tyd van voorspoed, sê die Here. Wanneer die oes skaars bymekaargemaak is, sal dit al weer tyd wees om te begin ploeg om die saad in die grond te kry. Die saai tyd sal nog aan die gang wees, dan sal dit al weer tyd wees om druiwe te pluk om te pars. Daar sal so baie druiwe wees om uit te trap dat die druiwesap teen die berge sal afstroom. Die heuwels sal OORVLOEI word met mos.

Amos 9:13 (Boodskap)

Die Nou Seisoen!

Jakobus 5:1-9

Hier word nie rykes in die algemeen aangespreek nie - maar rykes wat nie aan die gemeente behoort het nie - onder wie die liggaam van Christus, wat grotendeels arm was, baie gely het volgens **Jakobus 2:5-7**.

Volgens **Spreuke 11:28; Lukas 6:24** en **1 Timótheüs 6:9** word afgelei dat hulle nie aan die liggaam van Christus behoort het nie. Daarom word hier slegs 'n oordeel uitgespreek en word hulle nie tot bekering opgeroep nie. Hierdie oordeelsaankondiging sal dus nie deur hierdie rykes gehoor word nie.

HOU MOED, my vriende, tot die Here terugkom. Soos 'n goeie boer moet julle nie dinge wil aanjaag nie. Hy wag geduldig tot die oes vol op die lande staan. Hy wag maar vir die reën om te kom, vandat dit aan die begin van die SEISOEN BEGIN VAL, totdat die laaste druppel klaar geval het aan die EINDE VAN DIE SEISOEN.

Jakobus 5:7 (Boodskap)

Volgens die Verklarende Aantekeninge van 1976: Soos die landbouer wag moet hulle ook geduldig wag.

- **Versterk julle harte:** Hulle kan aan die uiterlike omstandighede niks verander nie; innerlik moet wel iets gedoen word.
- **Hart:** Die gelowige middelpunt van die lewe.

Vir wat moet hulle wag? Net soos wat die landbouer geduldig wag op die kosbare vrug van die aarde, net so moet ons ook ons harte versterk en begin uitkyk vir die oes soos die landbouer. Kyk uit vir die finansiële oes wat gaan inkom voor die wederkoms van Jesus.

Julle moet die geduld van daardie boer hê. Moenie dat iets julle van stryk bring nie.

Vers 8 (Boodskap)

Vestig jouself in die Woord van God en Sy orde! Vestig jouself in saai en liefde. Kyk dan oor hierdie land soos die landbouer na sy land kyk want Ek gaan die laat reën uitstort – dit is die NOU SEISOEN! God gaan die salwing van die eerste reën en die salwing van die laat reën nou op eenslag saam uitgiet soos dit nog nooit van te vore gesien en beleef is nie. Hou moed want dit gaan gebeur sê die Here!

As God van iemand hou, gee Hy hom wysheid en kennis en geluk. Al die ander moet hard werk en al hulle geld spaar, sodat dit weer aan daardie mense van wie God hou, gegee kan word.

Prediker 2:26 (Boodskap)

- **As jy gewillig is en luister, sal jy die goeie van die land eet (Jes. 1:19).**
- **Soek eers die koninkryk van God en Sy manier van dinge doen en al hierdie dinge sal vir jou bygevoeg word (Matt. 6:33).**
- **Wat Hy vir jou ook al sê om te doen, doen dit! (Joh. 2:5)**
- **As jy My gebooie onderhou, sal jy suksesvol wees (Joshua 1:8).**

Moenie dit vashou wat God probeer losmaak nie. Die Here van die leërskaie is besig om op te trek! **Ek sal my volk se omstandighede verander (Amos 9:14).**

This is from the Lord and is His doing; it is marvellous in our eyes.

Psalm 118:23